

Maandag 13 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 4:12-16

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 4:12

Moenie jou laat diskwalifiseer nie!

Toe Jesus sy werk op aarde voltooi het, het Hy nie 'n bekwame span agtergelaat om sy werk te voltooi nie. Die mense wat Hy agtergelaat het, was vissermanne en boonop onge-leerd. Hulle bekwaamheid sou van bo af, deur die Heilige Gees, aan hulle gegee word.

So is dit vandag nog. Elke gelowige se bekwaamheid kom van bo af deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees het gawes aan jou gegee. Hy het jou bekwaam gemaak om met daardie gawes Jesus te bedien in die huisgesin en daarbuite.

In Timoteus se geval is sy gawes deur die ouderlinge van die gemeente raakgesien en met handoplegging bevestig. Hulle het hom gekwalifiseer. Hy móét nou daardie gawes ge-bruik.

Ons as lede van God se huisgesin moet mekaar ook kwalifiseer sodat ons, elkeen met sy eie besondere gawes, Jesus kan bedien. Sien mekaar se gawes raak en vertel daar-van.

Ongelukkig het ons dikwels die omgekeerde neiging. Ons probeer om mense uit die be-diening uit te skakel, te diskwalifiseer. Aan Timoteus is dalk gesê: “Jy is te jonk”, aan ander word dalk gesê: “Jy is te oud, te arm of te ryk, nie slim genoeg nie, jy is nie wel-sprekend genoeg nie.”

Soos Paulus moet ons nie in hierdie koor saamsing nie. As ons iemand sien wat gawes van die Heilige Gees het, moet ons hom/haar aanmoedig om daardie gawes tot eer van God te gebruik. Ons moet hom/haar aanspoor om daardie gawes te ontwikkel tot almal se voordeel.

Sing: Psalm 116-1:9

Ds. Dirk van't Zand (Witpoortjie)